

7 Julie

**Skrifgedeelte: Job 8 en 9
Fokusgedeelte: Job 9:20-25**

Middelaarsbehoefte – teenoor ‘n “laggende God”

Bildad, die tweede vriend van die protesterende Job, begin ergerlik praat. Dis asof hy Job in die rede val: “Hoe lank gaan jy nog so praat?” (8:2). Hy voel dat Job – met sy weiering om stil te bly en sy skuld te aanvaar – die Almagtige te na kom. Bildad is die man van “ryke tradisie”. Hy beroep hom op eeue-oue insig: “Groeï riet waar daar nie moeras is nie...?” (8:11). Daar móét regtig, volgens hom, iewers ‘n vreeslike sonde in Job se lewe wees! God is tog nie onregverdig nie.

Die man op die ashoop laat hom glad nie hierdeur van stryk bring nie. Dis of hy nog méér “ammunisie” teen hom aan Bildad wil gee! Hy “skok” hom en sy ander vriende. “As ‘n vloedramp skielik die dood bring, lag God oor die wanhoop van die onskuldiges” (9:23). Job glo werklik dat hyself so ‘n “onskuldige” is. Hy voel dat God met hom spot. Wat hy ook al doen, God sal – so voel hy – nooit tevrede wees nie (9:30,31).

Uit die afgrondelike diepte van sy wanhoop kerm Job uiteindelik só sy behoefte aan ‘n Middelaar uit: “As daar maar iemand was wat in die saak tussen ons kon oordeel, wat oor ons albei onpartydig kon regsprek...!” (9:33).

As Job tóé maar net by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, kon uitkom... (Heb 12:24).

Sing: Psalm 2:2

Dr PP Kruger (Meyerspark)